# Die Ligdraer


Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**6 Augustus 2023**


## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS




**Stilte**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 48-1:1,4,5
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE:** Romeine 13:8-10
**Gebed**
**Sing:** Lied 440:1,2,3,4
**Skriflesing:** 1 Petrus 2:1-10
**Preek:**



**Tema:**
*Christen en Gemeente.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Lied 528:1,2,3
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Thusofonds.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 8
13 Augustus: Wyk 9
20 Augustus: Wyk 10



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net voor die Skriflesing) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens.
Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00).

**BYBELSTUDIE:**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Ons gaan vandag voort met die reeks oor die boek Handelinge. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel.
Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/zrz-xpvu-rga

**GEESTELIKE FONDASIES – CHRISTEN EN GEMEENTE:**
Ons het op Sondag 21 Mei 2023 ’n geestelike fondasies seminaar gehad waartydens ds. Richard Verreynne die volgende drie geestelike fondasies met ons behandel het:

- Christus ons Alles in Alles
- God bo Alles ons Passie
- Verstaan en Bou op Genade

Daar is ook ’n vierde geestelike fondasie, naamlik Christen en Gemeente. Ds. Richard gaan hierdie vierde geestelike fondasie tydens vanoggend se erediens met ons behandel. Die Vlamvatspan se maandelikse byeenkoms sal na die erediens plaasvind.

**GEMEENTE-ETE OP 20 AUGUSTUS:**
Op Sondag 20 Augustus, wanneer ons nagmaal het, het ons ’n gemeente-ete om 12:30. Wyk 8, Wyk 9 en Wyk 10 is verantwoordelik. Kostes is R50 per persoon, R30 vir kinders bo 12 en kleuters en peuters verniet. Elke gesin moet ’n warm gereg asook eetgerei, borde, glase en drinkgoed bring.
Nagereg bakkies en lepels word voorsien.
Lidmate word aangemoedig om die ete by te woon, dit is die laaste ete vir die jaar en die etes is altyd baie lekker en bevorder gemeente verhoudings.
Getalle moet 13 Augustus bevestig word.

**LIEF EN LEED:**

- Een van ons oud-lidmate, sr. Hester Coetzee, is Vrydagoggend oorlede. Ons innige simpatie en meelewing aan br. Gert (082 773 2195) en sr. Estie (083 644 4700) Coetzee en hulle gesin en die res van die familie.
  Ter aard bestelling DV 11 Augustus 10:00 en troosdiens om 11:00 by die kerk.
- Sr. Rensche Rademan (haar dogter, Estie, se nr.: 083 544 6270) is steeds in Welkom Medi-Clinic, mediese saal, bed 26. Ons vra voorbidding vir haar vir beterskap.
- Ons vra steeds voorbidding vir sr. Ansa du Toit (083 280 3275) se seun, Ryno. Daar is darem al ’n mate van beterskap, hoewel hy nog baie siek is.
- Br. Hendrik van der Walt (082 593 0352) het Vrydag ’n operasie ondergaan om ’n aar uit sy been te verwyder. Ons bid hom ’n spoedige en volkome herstel toe.
- Ons vra voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is of beproewings beleef waarvan ons nie weet nie.



# Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 12 Augustus 2023**:**

| | | |
|---|---|---|
| 7 Augustus | Isa Biewenga | 072 858 2885 |
| 12 Augustus | Chris Reynders | 071 715 5536 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

# Die Bybel

**1 Hou dan op met elke vorm van kwaad, met alle bedrog, huigelary, jaloesie
en kwaadpratery. 2 Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle
smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en
die saligheid verkry. 3 Julle het immers ondervind dat die Here goed is.
4 Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is,
maar deur God vir die ereplek uitverkies is. 5 Laat julle as lewende stene
opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en
geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
6 Daarom staan daar in die Skrif: “Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies
vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.”
7 Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die
woorde: “Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die
belangrikste klip in die gebou geword” 8 en: “'n klip waaroor 'n mens
struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp.” Hulle struikel omdat hulle nie
aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem.
9 Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie
wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die
verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis
geroep het na sy wonderbare lig. 10 Julle was vroeër geen volk nie, maar
nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang
nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.**

***~ 1 Petrus 2:1-10 ('83 vertaling) ~***

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796) orrelis@gkwelkom.co.za
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

**Om aan woede te bly kleef is soos om 'n warm steenkool te gryp met die bedoeling om iemand daarmee te gooi; jy is die een wat brand.** ~ Boeddha ~

**Daar is twee dinge waarvoor 'n mens nooit kwaad moet word nie: DIT wat jy kan verhelp, en DIT wat jy nie kan nie.** ~ Plato ~

**Vir elke minuut wat jy kwaad bly, gee jy 60 sekondes van innerlike vrede prys.** ~ Ralph Waldo Emerson ~

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA